

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 8.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

21 Februarie 2021 (Voorbereiding)

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENS VANDAG: Dr. Petrus Venter

Eerste diens: 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Mattheus 27: 32 – 56

Teks: Mattheus 27: 35-36, 39-44, 55

Sing- INTROÏTUS: Ps. 4: 2,3

TYDENS EREDIENS: Ps.146: 1, 4; Ps. 33: 5,7;

Ps. 139: 1, 9; Ps. 40: 5,8

SEWE VENSTERS OOP OP GOLGOTA

Waar pas ek in / wie, wat is ek?

- Die eerste kring wat ons trek is die kring rondom die soldate.
- Ons trek 'n tweede kring rondom dié mense wie se vyandskap eintlik geen perke ken nie.
- Hoe lyk die kring as dit rondom 'n groepie vroue (en 'n enkele man) getrek word

LEERPREDIKING VANAAND (18h00)

Regstreekse internet-uitsending

Skriflesing: Jesaja 12

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 26**

Teks: Jesaja 12:3

WAT DIT BETEKEN OM GEDOOP TE WEES

- Die doop as teken en seël.
- Dit wat die doop op hierdie oomblik so vol betekenis maak.
- Die doop is en bly 'n goddelike instelling.

Voorsang

Ps. 4: 2,3

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps. 146: 1,4

Twaalf Artikels

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Eksodus 20 (2020 Vertaling)

Sing: Ps.33: 5,7

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 139: 1, 9

Skriflesing: Mattheus 27: 32 – 56

Teks: Mattheus 27: 35-36, 39-44, 55

Preektema

SEWE VENSTERS OOP OP GOLGOTA

Waar pas ek in / wie, wat is ek?

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Ekumenisiteit (Buiteland)

Amenlied

Sing: Ps. 40: 5, 8

Uitsturseën

KOLLEKTES

Vandag: 21 Februarie 2021 (Vorbereiding)

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Ekumenisiteit (Buiteland)**

Sondag: 28 Februarie 2021 (Nagmaal en Nabetrugting)

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Bediening Postmasburg**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



Snap here to pay

SnapScan

WYK – DIENSBEURT

Vandag – 21 Februarie 2021: Wyk 6 (Vorbereiding)

- **Ouderling:** Br Pieter du Plessis
- **Diaken:** Br's Nico Geldenhuys en Ferdie Nel
- **Wyksusters:**

Volgende week – 28 Februarie 2021: Wyk 7 (Nagmaal en Nabetrugting)

- **Ouderling:** Br Wolfie Reinecke
- **Diaken:** Br Johan Reinecke
- **Wyksusters:** Sr Kobie Reinecke

MEELEWING

- Br Wolf Reinecke (sr.) se gesondheid en kragte is op die stadium onder groot druk. Ons gebed is dat die Here hom elke dag naby sal wees en hy in die Here se krag sy sterkte mag vind. Hy was Donderdag in Kimberley in die hospitaal vir verdere ondersoek. Ons vertrou dat die dokters gou kan vasstel wat werklik fout is en daar vir hom hulp kan wees.

VERJAARSDAE

Maandag	22 Feb.	Janika Johnston
Maandag	22 Feb.	Marie Nel
Maandag	22 Feb.	Dries van der Walt
Dinsdag	23 Feb.	Pieter du Plessis
Donderdag	25 Feb.	Reitz Coetzee
Donderdag	25 Feb.	Lukas Potgieter
Vrydag	26 Feb.	Mientjie Burger
Saterdag	27 Feb.	Annie van der Linde

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang	R493 398.56
Gemiddeld per besoekpunt per maand	R615-00
Werklike uitgawes	R1 061 952.56
Tekort	R-98 685.44
Ramings per lidmaat per jaar	R543.29
Kermis tot op datum	R173504.85
Steak etes tot op datum	R61319.19

**Finansiële inligting
1 Maart 2020 tot en met
15 Februarie 2021.
Vir enige navrae kontak
Finansiële kommissie.
Voorsitter is oudl. Lukas
Potgieter (079 695 0555)**

Ons het oorgegaan op 'n nuwe boekhoustelsel (FinKerk) en die berekening is hoofsaaklik deur die opsteller van die program gedoen wat ook die syfers vir die afgelope 11 maande verwerk het. Mag die Here gee dat ons in die tyd na goeie reëns en soveel om voor dankbaar te wees werklik ook die verskil in ons dankbaarheidslewe sal kan bemerk?

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-kategese Die rooster vir 2021 is opgestel en kan by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> afgelaai word. Katkisasie gaan vandag voort. Al ons lesmateriaal (*Laat my lammers wei en die dele uit die Kategismus*) wat die Laerskool hierdie jaar gaan behandel is by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> opgelaai.

Hoërskool – kategese gaan voort. Ons kom die week by Les 24. Dinsdae word 'n nuwe les op YouTube en die vrae uit die les op ons WhatsApp groep opgelaai en word dan die volgende week se Dinsdag hersien en weer 'n nuwe les opgelaai.

BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. **Ons gaan voort met ons reeks deur na verskillende gebede in die Here se Woord te kyk. Ons kom by die 18de gebed in die reeks waar Petrus gebid het (Here, red my! - vgl. Matt. 14:22-32) Ons vertrou om die Bybelstudies altyd die eerste helfte van 'n nuwe week beskikbaar te stel.**

DORKAS- SUSTERS

Die susters wil vandag ná die erediens vergader om met alles vir die jaar van ons susters se kant aan die gang te kom ...

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook in die tyd 'n groot bydrae tot HJV kon maak.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV hierdie week Woensdag en wel om 24 Februarie 2021 plaas. Ons begin om 18h00. Ons vra u voorbidding vir die vergadering.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Kerkkantoor ure: Maandae en Vrydae (10h00-12h00)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning 14/02	37
Kollekte: Diens van barmhartigheid 14/02	R 1485-00
Kollekte: Teologiese Studentekas 14/02	R 985-00
SnapScan	R 200-00

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Snap here to pay

SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za